

14 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 13

Fokusgedeelte: Psalm 13:2 en 6

Loof die Here te midde van jou beproewings

Wanneer jy deur probleme geteister word, soos byvoorbeeld ernstige siekte, vra jy vir die Here: "Hoe lank nog voordat U my van hierdie kruis sal verlos?" Om in hierdie oomblikke van vertwyfeling met die Here te bly praat, is op sigself 'n Godswonder.

In hierdie Psalm vra Dawid vir die Here: "Hoe lank gaan U my nog bly vergeet, Here?" (vs 2). Daardie worsteling met die Here tydens ernstige siekte het gemaak dat Dawid oorweldig is deur sy eie ellende. Dit veroorsaak dat hy byna fokus verloor het – daardie spreekwoordelike berg wat tussen hom en die Here kom staan. Die vertwyfeling en worsteling raak so intens dat hy net hierdie ellende raaksien.

Wie van ons ken nie hierdie gevoel nie? Jy begin perspektief verloor in jou swaarkry. Al wat jy sien, is jou probleme, jy sien nie meer die Here raak nie.

Dis in hierdie diep donkerte waar Dawid onthou dat hy met die Here praat – die Here wat met hom in 'n verbondsverhouding staan. Te midde van sy ernstige siekte kom hy by dié punt uit dat hy bo sy ellende uitstyg deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Daarom begin hy die Here loof vir die uitkoms. Die onmoontlike: ek loof die Here ondanks my beproewing.

Net die Here kan die gelowige wat in sy beproewing worstel, anders na sy omstandighede laat kyk. In Christus oorwin ons te midde van lyding: "Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet" (Rom 8:37).
Sing: Skrifberyming 5-4:5 en 6

Ds AH Steyn (Lydenburg)